

UIT GERMANICUS
Deur
N.P. VAN WYK LOUW

GERMANICUS:

Piso, Piso. Ek is siek en moeg.

Romein, Romein. Altyd dié woord met trots.
Vir jou is alles enkeld; en vir my
- dalk het ek dom geword – veelvuldig alles,
en eindeloos vol spel en moontlikheid.

En tog moet ek jou terg met moontlikhede;
Kyk na ons Ooste, kyk na ons miljoene,
die volke hier wat koop, verkoop, en paar;
en in ekstases voor hul gode dans,
of peins in stiltes wat óns land nie ken?
Is dit net waansin, prut van warm wasems,
ondergang en eindelose verrotting?
Of warm teelgrond, geil van stank en stoom
vir nuwe werklikheid wat ons nie ken?
In alles mensliks lê onsekerheid:
dood, waansin, en geboorte, en nuwe krag.
Wie hiér met sekerte wil ingryp, Piso,
Hy is 'n god of hy's verskriklik lasterlik.

Dit was maar woorde.
Ek is gekwes, en ek verwag so min
vir my en vir die Ryk en vir die mens.

Ek voel-voel na iets nuuts in die gemors...
ek sien iets nuuts, iets mensliks êrens skemer...
dalk is "Romein" ook nie die laaste woord.

[Loop stadig na die venster en gooi dit oop]
Die nag staan oop tot teen die sterre aan.
Kyk daar, hoe stroom die melkweg bó die land,
so anders as by ons. As ek nou sê:
"Kyk na die sterre" – sou dit 'n antwoord wees,
Piso, op al jou politiek? Jou wil?
jou hoë strewe? Sou jy verstaan?

Nee, jy sou nie verstaan nie.

Miskien praat ek te dom, dink ek te bot.
Maar ál is ingewikkeld; selfs die daad
is nie, soos jy meen, enkeld; en die denk
sit knoop aan knoop gekoek.

[Skielik] Jy, Piso, wat Tiberius se vriend is,
en, soos hulle sê, gestuur om my te keer
en af te loer – wat is dit wat jy eis?

Jy eis dat ek Tiberius slaan en hom vernietig?

Jy's dubbeld trouloos, Piso?

Jy meen nog dat die wêreld wyd is, Piso;
dat jy self helder en eenvoudig is
en ou-Romeins. Maar glo my dit is eng,
dis om te stik, dit vat jou só

[Wys aan sy keel] en jy,
jy spartel net soos ek in woorde en dink,
en rittel in die webbe van die eeu.
Die swart ekstases dans reeds in jou brein.

Piso, Piso. Jy is verskriklik, Piso.
Enmaal het ek gesê ek laat my nooit na Rome sleep nie
- ook om te heers, nie sleep nie.

Piso, jy's nie meer mens.
Jou dink is swart en giftig.
Ek wens ek kon jou stilmaak, stil en rustig,
en stadig weer die menslikheid laat groei,
êrens in jou. En ek moet soek, want alles
wat menslik is, is siek in hierdie tyd,
ek moet versigtig wees...

Dan is tog nou so. Nou ja, die lewe:
het dit nou soveel waarde dat 'n mens
kleinlik moet wees – kleiner as wat jy sien –
om dié geskenk te hou?

Ons vriendskap, Piso,
sal ek nou afsweer volgens ou gewoonte.
*[Hy maak die deur oop, en sê iets vir die wag. 'n Pouse,
dan kom sy offisiere binne]*
[Nog sag] Dat haat 'n mens so ganslik kan besit,
en so verwring, dit bly my steeds nog vreemd.

Uit hoofde van my mag as mede-Keiser
en weens verset teen my en teenbevele,
beveel ek hier Cneius Calpurnius Piso
om Sirië waar hy legatus is
en om ons Ooste te verlaat.

En Piso,
hier voor getuies, soos ons ou gewoonte,
sê ek ons vriendskap af.

---ooOoo---

(Uitgewers: Tafelberg)